*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**REGULATION GAZETTE No. 1116**
*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRICE 10c PRYS**
**OVERSEAS 15c OORSEE**
**POST FREE — POSVRY**

**REGULASIEKOERANT No. 1116**
*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 46] PRETORIA, 11 APRIL 1969 / 11 APRIL 1969 [No. 2352

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 83, 1969

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE GAMBLING ACT, 1965

By virtue of the powers vested in me by section 14 of the Gambling Act, 1965 (Act 51 of 1965), I hereby declare that the provisions of the said Act shall come into operation on 1 July 1969.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Seventh day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
P. C. PELSER.

## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 83, 1969

INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DOBBELARY, 1965

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 14 van die Wet op Dobbelary, 1965 (Wet 51 van 1965), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet op 1 Julie 1969 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.
P. C. PELSER.

## GOVERNMENT NOTICES

### DEPARTMENT OF COLOURED AFFAIRS

No. R. 572 11 April 1969

CHILDREN'S ACT, 1960 (ACT 33 OF 1960).—AMENDMENT OF REGULATIONS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), read with Proclamation 42 of 1968, I, Marais Viljoen, Minister of Coloured Affairs, hereby amend the regulations published under Government Notice R. 236 dated 21 February 1964 with retrospective effect from 1 April 1963 as follows: —

By the substitution of the following for paragraph (a) of regulation 47: —

"(a) An association of persons for the care of children over the age of one month and under seven years of—

(i) *bona fide* working mothers who must of necessity work away from their homes;

(ii) *bona fide* work-seeking mothers who have lost their employment;

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

### DEPARTEMENT VAN KLEURLINGSAKE

No. R. 572 11 April 1969

KINDERWET, 1960 (WET 33 VAN 1960).—WYSIGING VAN REGULASIES

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), gelees met Proklamasie 42 van 1968, wysig ek, Marais Viljoen, Minister van Kleurlingsake, hierby, met terugwerkende krag vanaf 1 April 1963, die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 236 van 21 Februarie 1964, soos volg: —

Deur paragraaf (a) van regulasie 47 deur die volgende te vervang: —

"(a) 'n Vereniging van persone vir die versorging van kinders oor die ouderdom van een maand en onder sewe jaar van—

(i) *bona fide* werkende moeders wat noodwendig buitenshuis moet werk;

(ii) *bona fide* werksoekende moeders wat hul werk verloor het;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(iii) *bona fide* working widowers who, on account of circumstances, are prevented from taking care of their children at home during the day;

(iv) *bona fide* work-seeking widowers who have lost their employment and who, on account of their absence from home while seeking employment, are prevented from taking care of their children at home during the day."

M. VILJOEN,
Minister of Coloured Affairs.

(iii) *bona fide* werkende wewenaars wat weens omstandighede verhoed word om bedags die versorging van hul kinders tuis te behartig;

(iv) *bona fide* werksoekende wewenaars wat hul werk verloor het en weens afwesigheid op soek na werk, verhoed word om bedags die versorging van hul kinders tuis te behartig."

M. VILJOEN,
Minister van Kleurlingsake.

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 571 11 April 1969

PROHIBITION OF THE KEEPING OR USE OF CERTAIN PIN-TABLES, MACHINES, CONTRIVANCES OR INSTRUMENTS

Whereas pin-tables, machines, contrivances or instruments of the class or kind described in the Schedule are in my opinion intended for the playing of games of chance: —

Now therefore I, Petrus Cornelius Pelser, Minister of Justice, do hereby, by virtue of the powers vested in me under section 7 (1) of the Gambling Act, 1965 (Act 51 of 1965), prohibit with effect from 1 July 1969, the keeping or use of any pin-table, machine, contrivance or instrument of the class or kind so described at any place where a business is conducted for which a licence referred to in Part I of the Second Schedule to the Licences Act, 1962 (Act 44 of 1962), is required, and at any other place to which the public has access.

P. C. PELSER,
Minister of Justice.

SCHEDULE

Any pin-table, machine, contrivance or instrument (hereinafter referred to as "the apparatus") intended for the playing of any game in the playing of which one or more components of the apparatus or one or more objects placed in or on or fitted on the apparatus, start moving or are set in motion, and which has no equipment being an integral part thereof by means of which any person can at any time during the course of the game immediately stop the said components or objects at will without ending or interrupting the game.

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 571 11 April 1969

VERBOD OP DIE AANHOU OF GEBRUIK VAN SEKERE SPYKERTAFELS, MASJIENE, TOESTELLE OF INSTRUMENTE

Nademaal spykertafels, masjiene, toestelle of instrumente van die klas of soort in die Bylae omskryf na my oordeel vir die speel van gelukspele bestem is: —

So is dit dat ek, Petrus Cornelius Pelser, Minister van Justisie, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 7 (1) van die Wet op Dobbelary, 1965 (Wet 51 van 1965), hierby die aanhou of gebruik van 'n spykertafel, masjien, toestel of instrument van die aldus omskrewe klas of soort by enige plek waar 'n besigheid waarvoor 'n lisensie vermeld in Deel I van die Tweede Bylae van die Wet op Lisensies, 1962 (Wet 44 van 1962), vereis word, gedryf word en by enige ander plek waartoe die publiek toegang het, met ingang van 1 Julie 1969 verbied.

P. C. PELSER,
Minister van Justisie.

BYLAE

Enige spykertafel, masjien, toestel of instrument (hieronder "die apparaat" genoem) wat bestem is vir die speel van 'n spel by die speel daarvan een of meer onderdele van die apparaat of een of meer voorwerpe in of aan die apparaat geplaas of aangebring in beweging kom of gebring word, en wat geen uitrusting bevat nie wat 'n integrerende deel daarvan uitmaak en deur middel waarvan enigiemand genoemde onderdele of voorwerpe te eniger tyd in die loop van die spel na willekeur onmiddellik tot stilstand kan bring sonder om die spel te beëindig of te onderbreek.

No. R. 582 11 April 1969

Notice is hereby given in terms of section 8 (4) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act 44 of 1950), that the name contained in the Schedule hereto has been removed from the list published in Government Notice R. 1907, dated 16 November 1962.

SCHEDULE

Oliphant, Willem Hendrik.

No. R. 582 11 April 1969

Hierby word ingevolge artikel 8 (4) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet 44 van 1950), kennis gegee dat die naam vervat in die Bylae hiervan geskrap is van die lys wat by Goewermentskennisgewing R. 1907 van 16 November 1962 afgekondig is.

BYLAE

Oliphant, Willem Hendrik.

## DEPARTMENT OF THE SOUTH AFRICAN POLICE

No. R. 570 11 April 1969

BOXING AND WRESTLING CONTROL ACT, 1954 (ACT 39 OF 1954)

AMENDMENT OF THE BOXING CONTROL REGULATIONS

In terms of section 9 of the Boxing and Wrestling Control Act, 1954 (Act 39 of 1954), and with the approval of the Minister of Police, the South African National Boxing

## DEPARTEMENT VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE

No. R. 570 11 April 1969

WET OP DIE BEHEER VAN BOKS EN STOEI, 1954 (WET 39 VAN 1954)

WYSIGING VAN BOKSBEHEERREGULASIES

Kragtens artikel 9 van die Wet op die Beheer van Boks en Stoei, 1954 (Wet 39 van 1954), en met die goedkeuring van die Minister van Polisie, wysig die Suid-Afrikaanse

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Control Board hereby amends the regulations promulgated under Government Notice R. 423 of 22 March 1963, as follows: —

*Regulation* 14.—Delete and substitute the following therefor: —

WEIGHTS

14. Contestants for championship titles shall be weighed in the nude. The standard weight in respect of the various divisions shall be: —

Flyweight up to and including 112 lb.
Bantamweight over 112 lb up to and including 118 lb.
Featherweight over 118 lb up to and including 126 lb.
Junior Lightweight over 126 lb up to and including 130 lb.
Lightweight over 130 lb up to and including 135 lb.
Junior Welterweight over 135 lb up to and including 140 lb.
Welterweight over 140 lb up to and including 147 lb.
Junior Middleweight over 147 lb up to and including 154 lb.
Middleweight over 154 lb up to and including 160 lb.
Light-heavyweight over 160 lb up to and including 175 lb.
Heavyweight more than 175 lb.

S. L. MULLER,
Minister of Police.

Nasionale Boksbeheerraad hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 423 van 22 Maart 1963 soos hieronder uiteengesit: —

*Regulasie* 14.—Skrap en vervang dit deur die volgende: —

GEWIGTE

14. Mededingers om kampioenskaptitels moet sonder hul klere geweeg word. Die standaardgewigte ten opsigte van verskillende gewigsklasse is: —

Vlieggewig tot en met 112 lb.
Kapokgewig oor 112 lb tot en met 118 lb.
Veergewig oor 118 lb tot en met 126 lb.
Junior Liggewig oor 126 lb tot en met 130 lb.
Liggewig oor 130 lb tot en met 135 lb.
Junior Weltergewig oor 135 lb tot en met 140 lb.
Weltergewig oor 140 lb tot en met 147 lb.
Junior Middelgewig oor 147 lb tot en met 154 lb.
Middelgewig oor 154 lb tot en met 160 lb.
Ligswaargewig oor 160 lb tot en met 175 lb.
Swaargewig meer as 175 lb.

S. L. MULLER,
Minister van Polisie.

## DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

No. R. 581 11 April 1969

RECOGNITION OF PROFESSIONAL ENGINEERS' INSTITUTES IN TERMS OF SECTION 7 (3) (a) (ii) OF THE PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

Notice is hereby given that on 31 March 1969 the Minister of Public Works, after consideration and approval of a relevant recommendation by the South African Council for Professional Engineers, granted, in terms of section 7 (3) (a) (ii) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), the applications of the following professional engineers' institutes for recognition for the purposes of the Act: —

South African Institute of Agricultural Engineers.
South African Institution of Chemical Engineers.
South African Institution of Civil Engineers.
South African Institute of Electrical Engineers.
South African Institution of Mechanical Engineers.
South African Institute of Mining and Metallurgy.
Engineers' Association of South Africa.
South African Association of Consulting Engineers.

## DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

No. R. 581 11 April 1969

ERKENNING VAN PROFESSIONELE INGENIEURS-INSTITUTE KRAGTENS ARTIKEL 7 (3) (a) (ii) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

Kennisgewing geskied hierby dat die Minister van Openbare Werke op 31 Maart 1969, na oorweging en goedkeuring van 'n tersaaklike aanbeveling gedoen deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs, kragtens artikel 7 (3) (a) (ii) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), die aansoeke van die volgende professionele ingenieursinstitute om erkenning vir die doeleindes van die Wet toegestaan het: —

Suid-Afrikaanse Instituut van Landbou-ingenieurs.
Suid-Afrikaanse Instituut van Chemiese Ingenieurs.
Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs.
Suid-Afrikaanse Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs.
Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs.
Suid-Afrikaanse Instituut vir Mynbou en Metallurgie.
Ingenieursgenootskap van Suid-Afrika.
Suid-Afrikaanse Vereniging van Raadgewende Ingenieurs.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## CONTENTS

No. PAGE

PROCLAMATION

R. 83. Date of coming into operation of the Gambling Act, 1965 ... 1

GOVERNMENT NOTICES

**Coloured Affairs, Department of**

GOVERNMENT NOTICE

R. 572. Children's Act, 1960: Amendment of regulations ... 1

**Justice, Department of**

GOVERNMENT NOTICES

R. 571. Prohibition of the keeping or use of certain pin-tables, machines, contrivances or instruments ... 2

R. 582. Suppression of Communism Act, 1950: Removal of name ... 2

**Police, Department of**

GOVERNMENT NOTICE

R. 570. Boxing and Wrestling Control Act, 1954: Amendment of the Boxing Control Regulations ... 2

**Public Works, Department of**

GOVERNMENT NOTICE

R. 581. Recognition of professional engineers' institutes in terms of the Professional Engineers' Act, 1968 ... 3

## INHOUD

No. BLADSY

PROKLAMASIE

R. 83. Inwerkingtreding van die Wet op Dobbelary, 1965 ... 1

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**Justisie, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R. 571. Verbod op die aanhou of gebruik van sekere spykertafels, masjiene, toestelle of instrumente ... 2

R. 582. Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Skrapping van naam ... 2

**Kleurlingsake, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 572. Kinderwet, 1960: Wysiging van regulasies 1

**Openbare Werke, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 581. Erkenning van professionele ingenieursinstitute kragtens die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 ... 3

**Polisie, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 570. Wet op die Beheer van Boks en Stoei, 1954: Wysiging van Boksbeheerregulasies 2

## *Useful Hints—*

1. Address all mail fully, clearly and without misleading abbreviations.
2. Place your own address on the back of the envelope or wrapper.
3. Do not enclose coins or other hard objects in letters.
4. Send remittances by Postal Order or Money Order.
5. Pack parcels properly, using strong containers and heavy paper. Tie securely.
6. Prepay postage fully.
7. Place postage stamps in the upper right hand corner of the envelope or wrapper.
8. Insure your parcels and register valuable letters. Documents which can only be replaced at considerable cost should preferably be insured.
9. Post early and often during the day. Mail held until the last moment may cause delay.
10. Give your correspondents your correct post office address including your box number where applicable.

## *Nuttige wenke—*

1. Adresseer alle posstukke volledig, duidelik en sonder misleidende afkortings.
2. Plaas u eie adres agterop die koevert of omslag.
3. Moenie muntstukke of ander harde artikels in briewe insluit nie.
4. Gebruik posorders of poswissels wanneer geld deur die pos gestuur word.
5. Verpak pakkette behoorlik. Gebruik sterk houers en dik papier en bind dit stewig vas.
6. Maak seker dat die posgeld ten volle vooruitbetaal is.
7. Plak die posseëls in die boonste regterhoek van die koevert of omslag.
8. Verseker u pakkette en registreer waardevolle briewe. Dokumente wat slegs teen hoë koste vervang kan word, moet verkieslik verseker word.
9. Pos vroegtydig en dikwels gedurende die dag. Posstukke wat tot op die laaste oomblik teruggehou word kan vertraging veroorsaak.
10. Verstrek u volledige posadres aan u korrespondente asook u posbusnommer waar van toepassing.

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street (Private Bag 85), Pretoria

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat (Privaatsak 85), Pretoria